
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

STRY DIE STRYD

Ons lees Jesus se woorde in **Joh. 10:10**: **Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.** Die dief waarvan Hy hier praat, is natuurlik Satan, die duiwel, en ons lees in **1 Joh. 3:8: .... Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.**

Die duiwel is die oorsaak van alle siektes en ongeluk in die mens se lewe. Hy is per slot van rekening die mensdom se vyand. Die dag wanneer jy wedergebore word of genesing van God ontvang, verdubbel Satan sy aanvalle op jou liggaam en siel, aangesien dit altyd sy doel is om jou af te takel en te vernietig. Maar prys die Here, Jesus het gekom om sy werke te verbreek, en dit het hy op 'n magtige wyse gedoen op die kruis van Golgota. Hy het gesê: "Dit is volbring!" Ons lees in **Kol. 2:15: Nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.** (Sy kruisiging) Daarna het Hy ons die mag gegee om in Sy Naam, duiwels uit te dryf, en die duiwel self te kan weerstaan. Markus 16 vers 17 en Jak. 4 vers 7. Ons kan hierdie aanvalle afweer en die vyand meer effektief weerstaan, wanneer ons voorbereid is en sy strategie en taktiek ken. Sy doel is om jou geloof in God en Sy Woord te vernietig en hy doen dit deur die beloftes wat God ons in die Bybel gegee het teen te staan. Satan sal aanval deur valse simptome en dit lei tot twyfel en ongeloof. Dit veroorsaak dat ons onsself afvra of God ons werklik genees het of werklik bedoel om ons te genees. Wees vooraf gewaarsku en gereed om hom en elke poging wat hy aanwend om jou geloof te ondermyn, te weerstaan. Jy moet waaksaam wees, bid voortdurend (dit beteken nie aanhoudend maar gereeld) en moenie nalatig wees met jou Geestelike lewe nie. Moenie plek vir die duiwel gee nie of 'n deur vir hom ooplaat nie.

<u>Ons Geestelike wapens in die Geestelike stryd is:</u>

Die Naam van Jesus Christus. (Mark.16:17 en Filip. 2:10)

Die Bloed van die Lam (Openb.12:11)

Die Woord van God (1Joh.2:14 en Efs.6:17)

Loof God (Ps.22:4 en Ps.149:6)

Bid in die Gees (Efs.6:18 en Rom.8:26)

Die gordel van Waarheid (Efs.6:14)

Die Borswapen van Geregtigheid (Efs.6:14)

Bereidheid vir die Evangelie van vrede as skoene aan julle voete (Efs.6:15)

Die skild van die Geloof (Efs.6:16)

Die helm van Verlossing (Efs.6:17)

Beoefen jou geloof deur hierdie wapens te gebruik om die vyand te weerstaan en hy sal vlug. **Jak.4:7: Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.** Die Bybel leer ons, dat ons die vyand oorwin deur die Bloed van die Lam en die woord van ons getuienis (Openb.12:11). Wanneer ons die magtige werke van ons God verkondig en van ons genesing getuig, sal Hy ons geloof in Hom eer.



....weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug!

Ons het alreeds bespreek dat ons liggame die tempel van God se Heilige Gees is en Hy verwag dat ons dit verstandig sal versorg. Dit fiks sal hou deur gebalanseerd te eet, te oefen en genoeg rus en ontspanning te hê. Ons kan God nie blameer, as ons nalatig was i.v.m. ons gesondheid en weer siek word nie.Ons neem dikwels ons gesonde liggaam as vanselfsprekend aan, 'n gesonde liggaam is egter 'n groot seën en ons moet dit oppas. Wanneer jy genesing van God ontvang het, hou jou oë op God se beloftes en nie op jou simptome nie. Lees weer Jak.1:6-7, waar God ons beveel om nie te twyfel nie Siekte en pyn is 'n werklikheid, maar wanneer ons God en Sy beloftes glo vir goddelike genesing, gaan dit nie oor hoe ons voel of wat ons sien nie, maar wat ons glo. As jy in pyn verkeer en God gevra het om jou te genees, glo dat die pyn sal verdwyn. Jou geloofsbelydenis is in God en Sy vermoë. Hy is waaragtig en betroubaar. Wanneer iemand jou vra hoe dit gaan, sê wat jy glo, bv.; "Prys God ,Sy Woord sê in **1 Pet. 2:24**: **deur Sy wonde is ek genees!** En in 2 Kor.5:7 staan dat

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Stry die Stryd)
ons deur geloof wandel en nie deur aanskouing nie, daarom, volgens God se Woord, glo ek dat ek volkome genees sal wees en ek vorder goed."

Gaan voort in die geloof, volgens God se Woord, totdat die pyn of siekte heetemal verdwyn, glo dat God sal genees soos Hy belowe het. Ons lees in **Heb.10:35-39: Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Want nog 'n klein tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie versuim nie. Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe.**

'n Illustrasie van hierdie waarheid mag jou help om die toepassing daarvan beter te verstaan. Ek het orgidieë en anthuriums gekweek en hierdie pragtige blomme het groot vreugde vir baie mense gegee, God se wonderlike skepping sigbaar. As ek vir jou sou sê dat ek 'n groot doos orgidieë as geskenk vir jou gaan stuur,wat sou jou reaksie wees? Jy sou dadelik vir my sê: "Dankie Dr. James, wat n wonderlike geskenk,ek het nog nooit 'n hele doos orgidieë gekry nie!" Jy sal begin dink wanneer hulle sal aankom, hoe hulle sal lyk, met wie jy hulle sal deel ens. Dit is 'n doodnatuurlike reaksie, maar dink vir 'n oomblik; Jy het my geglo toe ek jou die orgidieë belowe het. Jy het die geloof of vertroue gedemonstreer deurdat jy my dadelik bedank het, selfs voor jy hulle gesien of ontvang het. Jy het so op die woord van 'n mens gereageer, wat kan lieg, tog gee God ons Sy Woord. In die Bybel staan dat Hy nie 'n mens is dat Hy sou lieg nie, sal Hy dit sê en dit nie waar maak nie? Wanneer ons glo dat ons iets gaan ontvang reageer ons met blydskap en dankbetuiging, waarom vind ons dit so moeilik om in geloof op te tree, wanneer dit by God se beloftes kom?

Een van die eerste beloftes vir genesing vind ons in Jesaja. Jesaja skryf oor die Messias wat sal kom en vir ons siektes en sondes sal sterf. Ons lees in **Jes. 53:4 en 5: Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte die het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en DEUR SY WONDE HET DAAR VIR ONS GENESING GEKOM.**

Hierdie belofte is bevestig in die Nuwe Testament, en ons lees in **Matt. 8:16-17: En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: HY HET ONS KRANKHEDE OP HOM GENEEM EN ONS SIEKTES GEDRA.**

1 Pet. 2:24: Wat self ons sondes in Sy liggaam aan die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; DEUR WIE SE WONDE JULLE GENEES IS.

God sê baie duidelik "Ek is die Here wat jou gesond maak" Volgens die Bybel is dit ook baie duidelik, dat ons as gevolg van Jesus se wonde genees is. Deur middel van onkunde en tradisie, het Satan probeer om hierdie waarheid vir die kerk te verberg. In godsdienstige kringe sien ons prente en standbeelde wat nie die werklike kruisiging uitbeeld nie. Hulle toon ons 'n Verlosser, met 'n netjiese lendekleed aan en 'n paar druppels bloed hier en daar op Sy liggaam en voorkop. Dit is verseker nie wat met Jesus se kruisiging gebeur het nie, tog is hierdie prent van 'n bleek, maer liggaam, pragtig gedrapeer aan die kruis, sonder enige veminking of wonde in ons geheue vas gelê. Die Bybel vertel ons in die fynste besonderheid van die geweldige lyding wat Jesus deurgemaak het, voor en gedurende die kruisiging. Die nag toe Hy verraai is, het die Romeinse soldate Hom geneem, geblinddoek, met die vuis en rottang geslaan, gespot en beveel dat Hy moes profeteer wie Hom geslaan het. Sy oë was toe geswel van die houe, Sy lippe geskeur en geswel. Moontlik is van Sy tande uitgeslaan en Sy baard is uitgepluk. 'n Groot doringkroon is op Sy kop gedruk en die lang dorings het Sy kopvel binnegedring. Hy is met 'n sweep, wat in 'n soutoplossing geweek is, gegesel. In hierdie sweep se nege stange is stukkies glas, been en metaal ingeweef sodat dit deur die vel in die vlees gesny het en stukke vleis uitgeruk is met elke sweepslag. Sy vlees is tot op die been oopgekloof en die Woord vertel ons dat Sy liggaam soos 'n geploegde land gelyk het. Spykers is deur Sy gewrigte en voete geslaan en Sy volle liggaamsgewig het daaraan gehang. 'n Skerp spies is in Sy sy gesteek. Die Bybel vertel ons dat geen mens nog ooit so geskend was, soos Jesus nie, so erg dat Hy onherkenbaar was. Jesus se grusame wonde is die waarheid en Jesaja, Matt. en Petrus vertel ons dat ons deur Sy wonde genees is. Lees Ps. 22 wat 1000 jaar voor die gebeurtenis geskryf is. Hy het naakt daar gehang.

Toe Jesus die Heilige Nagmaal (die tafel van danksegging) met die Paasfees, die aand voordat Hy gekruisig is, ingestel het, het Hy ons beveel om die brood te eet, simbolies van Sy liggaam en die beker te drink, simbolies van Sy Bloed, ter gedagtenis van wat Hy vir ons aan die Kruis sou doen.

"....Wat self ons sondes in Sy liggaam aan die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; DEUR WIE SE WONDE JULLE GENEES IS..."1 Pet. 2:24

Een van die eerste beloftes vir genesing vind ons in Jesaja. Jesaja skryf oor die Messias wat sal kom en vir ons siektes en sondes sal sterf. Ons lees in **Jes. 53:4 en 5: Nogtans het Hy ons krankhede op Hom geneem, en ons smarte die het Hy gedra; maar ons het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is terwille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en DEUR SY WONDE HET DAAR VIR ONS GENESING GEKOM.**

Hierdie belofte is bevestig in die Nuwe Testament, en ons lees in **Matt. 8:16-17: En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: HY HET ONS KRANKHEDE OP HOM GENEEM EN ONS SIEKTES GEDRA.**

1 Pet. 2:24: Wat self ons sondes in Sy liggaam aan die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; DEUR WIE SE WONDE JULLE GENEES IS.

God sê baie duidelik "Ek is die Here wat jou gesond maak" Volgens die Bybel is dit ook baie duidelik, dat ons as gevolg van Jesus se wonde genees is. Deur middel van onkunde en tradisie, het Satan probeer om hierdie waarheid vir die kerk te verberg. In godsdienstige kringe sien ons prente en standbeelde wat nie die werklike kruisiging uitbeeld nie. Hulle toon ons 'n Verlosser, met 'n netjiese lendekleed aan en 'n paar druppels bloed hier en daar op Sy liggaam en voorkop. Dit is verseker nie wat met Jesus se kruisiging gebeur het nie, tog is hierdie prent van 'n bleek, maer liggaam, pragtig gedrapeer aan die kruis, sonder enige veminking of wonde in ons geheue vas gelê. Die Bybel vertel ons in die fynste besonderheid van die geweldige lyding wat Jesus deurgemaak het, voor en gedurende die kruisiging. Die nag toe Hy verraai is, het die Romeinse soldate Hom geneem, geblinddoek, met die vuis en rottang geslaan, gespot en beveel dat Hy moes profeteer wie Hom geslaan het. Sy oë was toe geswel van die houe, Sy lippe geskeur en geswel. Moontlik is van Sy tande uitgeslaan en Sy baard is uitgepluk. 'n Groot doringkroon is op Sy kop gedruk en die lang dorings het Sy kopvel binnegedring. Hy is met 'n sweep, wat in 'n soutoplossing geweek is, gegesel. In hierdie sweep se nege stange is stukkies glas, been en metaal ingeweef sodat dit deur die vel in die vlees gesny het en stukke vleis uitgeruk is met elke sweepslag. Sy vlees is tot op die been oopgekloof en die Woord vertel ons dat Sy liggaam soos 'n geploegde land gelyk het. Spykers is deur Sy gewrigte en voete geslaan en Sy volle liggaamsgewig het daaraan gehang. 'n Skerp spies is in Sy sy gesteek. Die Bybel vertel ons dat geen mens nog ooit so geskend was, soos Jesus nie, so erg dat Hy onherkenbaar was. Jesus se grusame wonde is die waarheid en Jesaja, Matt. en Petrus vertel ons dat ons deur Sy wonde genees is. Lees Ps. 22 wat 1000 jaar voor die gebeurtenis geskryf is. Hy het naakt daar gehang.

Toe Jesus die Heilige Nagmaal (die tafel van danksegging) met die Paasfees, die aand voordat Hy gekruisig is, ingestel het, het Hy ons beveel om die brood te eet, simbolies van Sy liggaam en die beker te drink, simbolies van Sy Bloed, ter gedagtenis van wat Hy vir ons aan die Kruis sou doen.

1 Kor.11:23-25: Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê:Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde:Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. (Onthou wat My liggaam vir julle gedoen het en onthou wat My bloed vir julle gedoen het)

Elke keer wanneer ons by die Nagmaal die brood neem, moet ons aan die wonde dink wat Jesus se liggaam toegedien is en wat dit vir ons beteken. Elke keer wanneer ons uit die beker drink, die vrug van die wingerdstok, moet ons onthou dat Jesus vir ons sondes gesterf het, dat Hy ons verlos het en met Vader God versoen het. Hy het ons ook verlos uit die koninkryk van duisternis na die Koninkryk van Sy heerlike Lig. Beide elemente, die Brood en die Beker(wyn) dien 'n bepaalde doel by die Heilige Nagmaal. Die Bloed van Jesus bring ons versoening met Vader God te weeg. As gevolg van


(Vervolg op Bl. 6)

GOD'S WILL FOR HEALING

God's Will is contained in His written Word – the Bible. We read in 2 Tim. 3:16: **All Scripture is given by inspiration of God, and is profitable for doctrine, for reproof, for correction, for instruction in righteousness.** We also read an important truth in Numbers 23:19: **God is not a man, that He should lie, Nor a son of man, that He should repent. Has He said, and will He not do it? Or has He spoken, and will He not make it good?** Then again in **2 Cor. 1:20**: **For all the promises of God in Him are Yes, and in Him Amen, to the glory of God through us.** And in 1 Pet. 1:25: **But the Word of the Lord endures forever.**

We have thus established that God, unlike man, never changes. He is always consistent – **Mal. 3:6** tells us: **For I am the Lord, I do not change,** and thus we conclude from all the above scriptures that God says what He means and means what He says – always, forever! Heb 13:8 **Jesus Christ the same yesterday, and to day, and for ever.**

What then does He tell us in His Word regarding healing and His Will to heal? The Bible says that in the mouth of two or three witnesses, let the truth be established. (Matt. 18:16), so we will look at three scriptures which tell us that Jesus took our sin and sickness upon Himself. He paid for our sin and sickness on the cross so that we are able to receive forgiveness for our sins, and also healing for our body. These Scriptures fulfil God's statement, "I am the God that healeth thee." (Exod. 15:26)



"..I am a medical doctor, and if I thought that it was not God's Will to heal people, how on earth could I, a mere man, diagnose and treat patients successfully if God wanted them sick?"

The first one is Isaiah. 53:4-5: **Surely He has borne our griefs and carried our sorrows; yet we esteemed Him stricken, smitten by God, and afflicted. But He was wounded for our transgressions, He was bruised for our iniquities; the chastisement for our peace was upon him, and by His stripes** (wounds) **we are healed.** In the original Hebrew, the words 'grief' and 'sorrows' actually mean 'sickness' and 'disease'.

The second witness is **Matt. 8:16-17: When evening had come, they brought to Him many who were demon-possessed. And He cast out the spirits with a word, and healed all who were sick, that it might be fulfilled which was spoken by Isaiah the prophet, saying: "He Himself took our infirmities and bore our sicknesses."**

When we repent of our sins and receive Jesus as our Saviour, Healer and Lord, we believe that He died upon the cross to redeem us from sin and yet He also carried our sickness.

The third witness is **I Pet. 2:24: Who Himself bore our sins in His own body on the tree, that we, having died to sins, might live for righteousness – by whose stripes you were healed.**

Praise God, we were healed by His stripes (wounds). We must remember that it was God's Will to send Jesus to the cross so that we might be saved if we repent of our sin and believe upon Him, according to Joh. 3:16. We therefore conclude that it was also God's Will for Him to pay for our sicknesses, according to the three above scriptures.

Let us look for a moment at the leper in Matt. 8:2-3. He came to Jesus with uncertainty in his heart. Was it the will of Jesus to Heal him? He said, **"Lord, if thou wilst, thou canst make me clean."** (verse 2) At that moment Jesus expressed His eternal Will, and said: **"I will, be thou clean."** (verse 3) It was the will of Jesus to heal the leper **then,** just as it is God's Will to heal you and me **now!** His Will does not change, because He is not inconsistent. Heb. 13:8 assures us that: **Jesus Christ is the same yesterday, today, and forever.** Jesus tells us in John 5:19: **Most assuredly, I say to you, the Son can do nothing of Himself, but what He sees the Father do; for whatever He does, the Son also does in like manner.** Jesus clearly states that He did not come to do His Will, but the Will of the Father who sent Him.

He also says that the works that He does are the works of His Father who sent Him. When you look at Jesus in the Gospels of Matthew, Mark, Luke and John you are actually witnessing "God in action". He healed all, without exception, who came to Him in faith! Why would it be any different today?

I am a medical doctor, and if I thought that it was not God's Will to

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - God's Will for Healing)
heal people, how on earth could I, a mere man, diagnose and treat patients successfully if God wanted them sick? It doesn't make sense. They would be in rebellion by consulting a doctor in the first place, if it was God's Will for them to remain sick! Of course, it is God's Will to heal all, and He demonstrates this by having sent Jesus to pay the supreme price so that we can receive the benefits of Jesus' finished work on the cross of Calvary. Never, ever doubt that it is God's desire to heal you. He created you and knows what you have need of, and has made provision for your healing according to His Word, but it depends on your obedience to His Word.

...Should your healing not manifest immediately, realise that God is working a divine healing in your body, and in time, as your faith in God grows, and you continue to believe, you will reap the reward, as we read in Hebrews 10:35 and 36….

I remember quite clearly a mother of two young sons, who were absolutely dependent of her, coming to me saying: "Three years ago I received the shocking news that I had extensive cancer of the breast, which had already affected my face, right eye, pelvic bone, tongue and taste buds. I nearly died from the chemotherapy treatment." She had lost her hair, was very pale and her face was swollen. She told me that cancer cells had infiltrated her bone marrow, and had prevented blood formation, and that she was even too tired to breathe. I could see, from a medical point of view, that there was very little hope, and she knew this, but her words to me were, "I know that it is not God's Will that I must be so ill." I assured her that she was absolutely correct in her belief and that God wanted to heal her. She said that a great peace came upon her, and with this assurance in her heart, I prayed for her with the laying on of hands and she started praising and worshipping God, saying that she KNEW that He had healed her. Some months later she testified that she had had further blood tests and x-rays taken, which confirmed her healing, but that the specialist had told her that she had a virulent and incurable type of cancer, and that within three months she would be just as bad, if they were to stop her treatment at that point. She refused any more treatment because she had such assurance of her healing and her faith was in fact so strong. She promised the doctor that she would return after three months, to verify that God had healed her, and 8 months later she went for further tests and x-rays, which proved the fact that she was indeed healed. I remember her telling me, "I am now healthy, energetic and have a thick head of hair again, and every morning I wake up saying thank you Lord and I appreciate the wonder of His love anew." She was not presumptuous but had had a personal revelation. My advice in this regard is to be led by the Holy Spirit in your decision and to act accordingly.

For the past 27 years I have prayed for the sick, and have seen God heal every type of sickness and disease! I never take it for granted, and always stand amazed at His love, mercy and compassion. Yes, we serve a Heavenly Father who understands our frailties and desires to heal us. Never forget that it is His will to heal.

What about my medication, you may ask? People often ask me whether they must stop all medication as soon as they have asked God for healing. I am a medical doctor, and I know that God uses doctors and medicine to alleviate pain and suffering. I also know that Jesus did not frown upon doctors as Luke was a physician and one of His great disciples. Jesus did mention the woman in Mark 5:25-26, who had seen many physicians and had spent all her money, yet was no better for it, but He did not condemn her for this. We know that when medicine fails because of man's limited knowledge, Jesus is always able to heal completely and perfectly.

I suggest that when you have been prayed for, and you believe that God has touched you, decrease your medication slowly, and continue to see your doctor who has attended to you thus far, so that he can monitor the fact that your healing has taken place or is taking place. Ask the Lord for wisdom, because as I always say, you do not need any more headache tablets when you no longer have a headache. You will know when your healing is been complete, and medicine is no longer necessary. Some advice to those who have suffered from epilepsy and diabetes, not to stop all medication abruptly, because your system has to adjust.

Should your healing not manifest immediately, realise that God is working a divine healing in your body, and in time, as your faith in God grows, and you continue to believe, you will reap the reward, as we read in Hebrews 10:35 and 36, until then the medicine serves to give you the support you need, and you can explain all this to the Job's comforters, who might say to you, "Oh I thought you were healed, why than are you still taking medication?"

Remember, that if you need to take medication, this does not mean that you are lacking in faith. Your healing will take place as you continue to trust in the Lord. □

Ons God van Wonderwerke!



Liewe Dr James,

Ek groet u in die naam van Jesus. 'n Tyd gelede het ek u gevra om saam met my te bid, vir die pyn in my regterbeen. Ek het nie meer kussinkies tussen my rugwerwels of in my knie nie. Al wat die probleem kan oplos is 'n operasie, volgens die dokters. Ek het u kantoor geskakel en gevra vir gebed. Na sewe weke van aanhoudende pyn, is ek weer diè Sondagmore kerk toe. Toe ons opstaan om die slotlied te sing, voel ek daar is geen pyn in my been nie. Wat 'n groot dankbaarheid het my hele wese oorspoel. Ek loof en prys die Here want ek is steeds vry van die pyn. Ek weet dat God my daarvan genees het. Al my lof en eer aan God. Baie dankie vir jul gebede. Seën en liefde aan u almal.

Mev F S du Plessis, Sasolburg

Liewe Dr van Zyl, Suster Meg en mede bidders,

Ek het u 'n paar dae gelede voorbidding gevra vir my suster wat met breinkanker gediagnoseer is. Die dokters het gesê daardie soort kanker werk baie gou, en het haar net nog 'n paar dae gegee om te leef. Sy het ook 'n beroerte aanval gehad. Sy het ook baie onduidelik , sleeptong gepraat, vanaand het ek die verassing van my lewe gekry, toe sy my self van haar huis afbel. Sy het duidelik gepraat soos ek haar ken en 100% by haar volle positiewe verstand. Sy het net by tye haar verstand gekry en meeste van die tyd heel deurmekaar. Ek onthou nou, dit was laas Vrydag oggend toe ek gebel het en hulle het Saterdag oggend vir haar gebid. Ek het dadelik my swaer gebel en vir hom daarvan gesê hulle moet ook die tyd 7 uur onthou. Is die Here nie wonderbaar nie!! Ek was so bly en dankbaar vir onse Here. Hy is wonderbaar, die sterke God en ons Ewige Vader wat ons lief het. Sy het meer as 30 jaar gesukkel om van die rook ontslae te raak, vanaand sê sy, "Sussie, ek rook al vir 10 dae nie, en ek kan nie eers die reuk verdra nie."

Ek het 'n tyd gelede gevra dat u vir my korpaalbuis sindroom hande moet bid, asook vir my rug. My hande het met 'n tyd volmaak gesond geword. O, hoe groot is my Here! Ek kon niks met my hande doen nie, en dit het nag en dag gepyn, maar nou is dit volmaak gesond! My blaas probleem is ook soveel beter!!

Mag die Here u werk ryklik seën en julle aan die brand hou tot ere van Sy dierbare naam, en tot dat Hy kom, wat nie meer vêr is nie. Baie liefde in die Here aan u almal daar.

Mev Jeanette van der Bank, Hopefield

Baie dankie vir u antwoord op my brief. Ek het so baie gebedsversoeke gehad, en het u gevra dat u vir my bid vir die toetse wat ek moes ondergaan, en ek wil graag die volgende met u deel.

Ek was die 10de Januarie by Dr Eloff (spesialis internis) vir 'n opvolg ondersoek van my lewer. (Ek ly aan lewervervetting, maar ek kry geen behandeling daarvoor nie, moet net elke jaar gaan vir 'n ondersoek en bloedtoetse). Die dokters kan nie vasstel wat die oorsaak van die vervetting is nie. Dr Eloff het 'n sonar van my lewer gedoen, hy sien toe dat daar 'n klomp klein gal steentjies in my lewer gevorm het vandat hy my laas gesien het. (My galblaas is jare gelede al verwyder). Hy stuur my toe vir bloedtoetse, en bel my na 'n paar dae om te sê dat ek so gou moontlik Pretoria toe moet kom vir verdere toetse, aangesien die bloedtoetse baie verskil met die voriges, en dat hy vermoed dat my gal pypies verstop is of besig is om te verstop, en dat my lewerfunksies baie abnormaal is. Ek is toe die 23ste Januarie Pretoria toe vir die ondersoek. Dr Eloff se vennoot, Dr Ziady het toe die ondersoek gedoen, en plate geneem. Sy bevinding was as volg:

My gal pypies is nie verstop nie en daar is ook geen teken van galstene in my lewer nie. My gal wee is wel verwyd, en my lewerfunksies is abnormaal, maar hulle se daar kan baie oorsake daarvoor wees. Dr Ziady het gevra dat ons die plate na Dr Eloff toe neem voordat ons terug ry Middelburg toe. Dr Eloff was reeds weg toe ons by sy spreekkamer kom. Ons het die plate daar gelaat. Dinsdag middag het ek toe geskakel om te hoor wat Dr Eloff van die plate sê. Hy sê toe vir my hy is so bly dat my galpypies nie verstop is nie en dat daar ook geen gal steentjies in my lewer teenwoordig is nie. Hy sê toe vir my hy het vermoed dat ek kanker het, maar dat daar gelukkig niks kwaadaardig is nie. Ek was so geskok toe hy my sê hy vermoed dat ek kanker het!!! Ek dank God en ek loof en prys Sy Grote Naam dat ek dit nie het nie, en dat my gal pypies nie verstop is nie, en ook dat daar nie galstene in my lewer is nie.

Dr Eloff het die gal steentjies op die sonar gesien! Hy is 'n baie goeie spesialis en hy sal nooit so 'n fout maak nie. Hy het die dag toe hy die steentjies waarneem vir my gesê dat dit my gaan pla, miskien nie dadelik nie, dit kan maande of jare duur. Hy het my toe 'n brief gegee vir die chirurg. Dr Richter, om die stene te verwyder as ek baie pyn kry. Wat het van die stene geword? Ons Groot Geneesheer het dit weggeneem sonder 'n operasie!!

Ek wil graag vir u en u span baie dankie sê vir al u gebede. God is so goed vir ons. Ons loof en prys Sy

(Vervolg op Bl. 6)

"...Wat het van die stene geword? Ons Groot Geneesheer het dit weggeneem sonder 'n operasie!!..."

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Getuinesse)

Naam, sonder Hom is ons niks en beteken ons ook niks!

Mnr C Crause, Middelburg

Ek wil u net verwittig omtrent my blaas. Die Here het al die gebede verhoor. Dit was nie nodig vir 'n operasie nie. Die Here het alle gebede verhoor! Alle eer aan die Here! Baie dankie vir julle gebede. Ons dien 'n wonderlike Vader!!

Mev M Kotze, Riebeeckstad

My beker loop oor. Sy genade oor my, Sy skepsel is te wonderlik. Dinsdag die 24ste Januarie het ek julle geskakel in verband met 'n klont in my bors. Toe Dr Alwyn Carstens my die 26ste Januarie sien, en na baie deeglike mamogram sê hy: "Die klont is weg!!" Ek loof en prys Sy Heilige Naam!! Toe ek julle geskakel het, sê ek vir julle ook van my ander groot probleem. In die 90tige jare het ek twee nekoperasies ondergaan. Skielik is my sluk toe so vernou dat ek aan alles stik, al vir maande.

Ek prys die groot Geneser wat u die gawe van genesing gegee het!! Van daardie dag af het ek nog nie weer gestik nie! Groot en wonderlik is God. Hy wat my gemaak het, het my genees!

Mev R Colyn, Kokanje

Thank you very much for your letter and for the prayers for my son Gerrit to get a job. Well the great news is that after 1 year, he was interviewed for a job and he could start immediately. (Two days after I received your letter of prayer). Since then I cannot stop crying, and praised the Lord!! Thank you once again for your support.

Mrs H van Deventer, Kroonstad

Dr James ek wil eerstens u dankie sê vir die gebed vir my kleindogter. Haar een nier was verwyder en sy moes vir toetse gaan. Alles is skoon!! Loof die Here!!

Mev P van Zyl, Oudtshoorn

(Vervolg vanaf Bl.2 - Stry die Stryd)

menslike tradisie is die wonde van Jesus misverstaan, tot so 'n mate, dat ons geneig is om net op die Bloed van Jesus te konsentreer. Ons kan die twee nie van mekaar skei nie, omdat hulle deel is van een Offer. Jesus het aan ons twee elemente gegee en elkeen het sy bepaalde doel volgens die Skrifte. Deur Sy Bloed is ons vrygemaak en deur Sy wonde is ons genees. Lees wat die Here omtrent hierdie genesing sê in **1Kor.11:29-30: Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, TERWYL HY DIE LIGGAAM VAN DIE HERE NIE ONDERSKEI NIE. DAAROM IS DAAR onder julle baie SWAKKES EN SIEKLIKES en 'n AANTAL HET ONTSLAAP.** (Die kerk sit vol siek mense omdat hulle nie die geneesing deur Jesus se wonde onderskei nie. Jesus het vir al ons ligaamlikke behoeftes deur Sy gebroke liggaam betaal en vir al ons geestelike behoeftes deur Sy bloed.

Baie mense sterf ontydig omdat hulle nie die belangrikheid besef van die **LIGGAAM VAN JESUS WAT VIR HULLE GEBREEK IS NIE.** Gebreek deur wonde wat genesing vir ons op Golgota verkry is. Wanneer ons die Heilige Nagmaal volgens Bybelse voorskrifte gebruik, moet ons, wanneer ons die beker neem, ons sondes bely en vergifnis aanvaar; wanneer ons die brood eet, aanvaar ons genesing vir ons liggame. (Ek beveel aan dat julle ons boeke,"Die Nagmaal en Genesing" en "Jesus wys die pad na die Hemel" lees.).

Dit mag vreemd wees, maar die paar keer wat ek vir 'n Moslem gebid het en God gevra het om hulle in die Naam van Jesus te genees, het hulle werklik genesing ontvang. Dan is daar gereelde Christen kerkgangers wat hul genesing nie so maklik ontvang nie.Ek het die Here hieroor gevra en Hy het my gewys dat, voordat ek vir 'n heiden vir genesing bid, ek aan hom moet verduidelik dat ek nie die een IS wat genees nie, maar dat dit JESUS CHRISTUS is. Ek vra hom of hy aanvaar dat Jesus hom wil en kan genees en dat ek in Sy Naam bid. Hulle sê gewoonlik dat hulle glo dat Jesus hulle sal genees en wanneer ek vir hulle bid vind genesing plaas, dit is omdat hulle Jesus as hul GENESER ontvang, hoewel hulle Hom nog nie as Verlosser aanvaar het nie. By die getroue kerkganger vind ons weer dat hy Jesus as Verlosser ontvang het, miskien al 'n paar jaar gelede, maar nie as sy GENESER nie. **Mar 2:9 Wat is makliker, om vir die verlamde te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en neem jou bed op en loop?**

Twee duisend jaar gelede het Jesus Chtistus aan die kruis voorsiening gemaak vir die mens se verlossing en genesing; vir sy geestelike sowel as fisiese behoeftes. Tradisie en onkunde het die mens van hierdie waarheid beroof. Ons kan hierdie voorsiening wat God vir ons verlossing en genesing gemaak het, aanvaar of verwerp, dit is ons keuse. God is 'n heer – Hy sal 'n mens nooit dwing om enigiets te doen nie, die keuse is joune, omdat Hy aan jou 'n vrye wil gegee het!

Die Goeie Nuus van die Evangelie van die Here Jesus Christus is dat verlossing en genesing vir almal is wat glo, maar dit val nie soos ryp kersies in jou skoot nie! Ons moet in geloof daarvoor vra, volgens die Bybel se voorskrifte en voorwaardes, en dan kan ons verseker wees dat ons dit sal ontvang. Dit is God se wil om almal wat na Hom kom te red en te genees.

1 Joh.5:14-15: En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ookal vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het. En Jesus se woorde in Markus 11:24 bevestig dit: **Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, GLO dat julle dit SAL ontvang, en julle SAL dit verkry.** (Nie hê nie).

Deur te glo dat jy van die Here ontvang WANNEER JY BID en Hom dan te dank en loof TOTDAT dit wat jy gevra het manifesteer, getuig van WAREGELOOF, want jy GLO, alhoewel jy nog nie gesien het nie. In die wêreld daar buite is die spreekwoord mos: AS EK SIEN SAL EK GLO, maar die Here se wyse is anders. Hy sê AS JY GLO, SAL JY SIEN!

DIE GELOOF DAN IS 'N VASTE VERTROUE OP DIE DINGE WAT ONS HOOP, 'N BEWYS VAN DIE DINGE WAT ONS NIE SIEN NIE (Heb. 11:1) Om die stryd te stry met oorwinning, moet ons Vader God vertrou om te doen wat Sy Woord sê Hy sal doen. Ons probleem is ons bid te veel oor 'n saak instede om genoeg dankie te sê vir die antwoord.

Laat ons **Jes.53:7** lees**: Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam**

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 6 - Stry die Stryd)

wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

Hier praat die profeet Jesaja van Jesus. Ons lees in die Evangelies, in die Nuwe Testament, dat regdeur die marteling en fisiese lyding wat Jesus deurgemaak het, Hy nie Sy mond oopgemaak het nie. Hy het dus die ondraaglike pyn, toe Sy liggaam gebreek en verwond is, sonder 'n geluid gedra, om vir ons siektes en kwale te betaal. Toe Hy vir ons sonde betaal het, ons sonde op Homself geneem het, het God - omdat Hy die sonde nie kan aanskou nie – Sy gesig van Sy Seun gekeer. Jesus kon die pyn van verwerping en om van Sy Vader geskei te wees nie verdra nie, selfs nie vir daardie kort tydjie nie en het uitgeroep: **"My God, My God, waarom het U My verlaat?"** Ons weet dat dit baie erger is om deur sonde van God geskei te wees as om siek te wees, want met 'n siek liggaam kan ons Hemel toe gaan maar nie met 'n verlore gees nie. Die skeiding tussen Jesus en Sy Vader oortref by verre die helse pyn wat die hel vir die verlorenes aanbied en sal vir ewig duur. ❄

UIT DR JAMES SE KANTOOR

Liewe familie in die Here,
Somer is waarlik hier en alhoewel die dae warm is, is ons harte ook vurig weens die wonderwerke en dade uit die hand van ons Hemelse Vader. Hier by die Sentrum besef ons meer elke dag dat dit wil voorkom dat terwyl die wêreld en die dinge van die wêreld erger word, die Here meer en meer wonderwerke in die midde van Sy mense doen! Die grootste wonderwerk bly altyd die redding van 'n siel want dit is 'n ewigheid saak. God sê as een siel tot redding kom jubel Hy en Sy engele in die Hemel.
As elkeen wat hierdie brief lees net een persoon vir die Here Jesus wen, sal daar ten minste 20 duisend nuwe siele paspoorte na die Hemel hê, terwyl julle hulle van die duiwel beroof! Ons hoop dat hierdie waarheid 'n uitdaging vir u sal wees om net een siel vir Sy Koninkryk te wen. In die lig van hierdie gedagte wil ons almal bedank vir julle deelname in ons Woord Evangelistiese Uitreik projek. Duisende boekies is alreeds dwars deur ons land en Namibië versprei, en die Here is wakker oor Sy Woord om dit te volbring. Die mense is verheug en die terugvoer van hulle getuienisse is 'n riem onder die hart. Al die eer en lof net aan Hom alleen, en danksy aan julle wat dit vir ons moontlik maak. Ons dien 'n wonderlike Hemelse Vader en dank Hom vir Sy liefde, genade en barmhartigheid wat Hy ons so mildelik mee seën. Die Here onderneem op 'n wonderbaarlike wyse in elkeen se behoefte. So is dit met finansies, genesing, verlossing, verhoudings en soveel ander behoeftes, waar die wêreld sisteem in wetenskap niks meer kan aanbied nie, is ons God getrou om in alles te onderneem. God is nog in beheer en Hy weet wat besig is om hier op aarde plaas te vind, want Hy het ons in Sy Woord ingelig. Hy weet ook dat die duiwel se tyd baie kort is en dat hy alles in sy mag doen om mense af te breek en aan te val, en dit is hoekom Hy ons aandag op Sy vermoë wil vestig. Hy is ons Geneesheer, Jesus is ons Bron, Hy is ons Krag en Hy is besig om dit alles te openbaar! Sy beloftes, Sy Woord, staan vir Ewig vas en ons kan Hom met ons hele wese vertrou.
Ons waardeer opreg julle voortdurende gebede en ondersteuning, en ook julle liefde, baie dankie daarvoor. Dit maak dit moontlik vir ons om te volhard vir ons Koning Jesus.
Mag die Here julle baie ryklik seën.

Dr James

Vir jou geestelike groei.....For your Spitual Growth

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk
CD's deur Dr James-R20.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak
☐ A37—God Reageer op Kinderlike Geloof
☐ A41—Die Krag van die Waarheid

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande—ander sprekers-R10.00
CD's—ander sprekers-R20.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

HOE OM TE BESTEL:

Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Bank besonderhede:

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐M47 The Name of our God
☐M50 Charismatic Witchcraft
☐M52 The laughing spirit explained
☐M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐M60 How Great is your God
☐M61 Faith as a Mustardseed
☐M62 What does God expect of the family
☐M63 What does the Bible say about Baptism
☐M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐61 What does God demand
☐62 How to bury the past
☐64 The Christian and Job

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea
CD's-Dr JJ van Zyl—R20.00ea

☐A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐A25 The Faithfulness of the Father
☐A28 He is Risen
☐A30 Healing through the Cross
☐A33 Holy Cows of religion
☐A34 The Unlimited power of God's Word
☐A35 Forgiveness & Healing
☐A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2
☐A40 Tsunami & the rapture

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐D32 God's Promise - Restoration (D.Gericke)
☐D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐D38 The Presence of God – DGericke
☐D42 Heart Pleasing to God - D.Gericke
☐D46 Be strong and courageous - D. Gericke
☐ D 47 Your Foundation - D. Gericke

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……...……..……

Van: ……

Adres: ……
……Kode: ……..……

☐ **NUUSBRIEF**☐ **TJEK** ☐**BANK DEPOSITO** ☐ **POSWISSEL**

Totaal: R……